THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**
Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**

Vol. 237 PRETORIA, 15 DECEMBER / DESEMBER 1994 **No. 5070**

PROCLAMATION · PROKLAMASIE

PROCLAMATION

No. 43 (Premier's), 1994

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF RANDFONTEIN

Under section 10 (2) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Executive Council.

SCHEDULE

Definition

1. In these Enactments, unless the context otherwise indicates, "the Enactments" means the enactments published in Premier's Proclamation No. 20 of 1994.

PROKLAMASIE

No. 43 (Premiers-), 1994

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN RANDFONTEIN

Kragtens artikel 10 (2) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Uitvoerende Raad.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Maatreëls, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Maatreëls" die maatreëls uitgevaardig by Premiers Proklamasie No. 20 van 1994.

Amendment of section 2 of Enactments

2. Section 2 of the Enactments is hereby amended by the substitution for the expression "Council" of the expression "Councils".

Amendment of section 3 of Enactments

3. Section 3 of the Enactments is hereby amended by the insertion in subsection (5) of the expression "remain in force in the areas mentioned in subsection (1) and" between the expressions "date," and "be".

Amendment of section 6 of Enactments

4. Section 6 of the Enactments is hereby amended by the deletion of the expression "under" and by the insertion of the expression "in the manner prescribed for the election of a Mayor and Deputy Mayor in" between the expressions "Council," and "sections".

Substitution for section 9 of Enactments

5. Section 9 of the Enactment is hereby substituted by the following section:

"Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law

9. (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, as from the effective date, and subject to the provisions of subsection (3), be transferred to the Transitional Local Council of Randfontein.

(2) The Transitional Local Council of Randfontein shall for the purposes of this Proclamation, as from the effective date, and subject to the provisions of subsection (3), be deemed to be the successor-in-law of the assets, liabilities, rights and obligations, of the dissolved local government bodies concerned.

(3) Any liability, debt or obligation which has been incurred by the dissolved black local government body mentioned in section 2, namely the dissolved Town Council of Mohlakeng, up to and including the day preceeding the effective date, other than a liability, debt or obligation which has been incurred in respect of any infrastructure that generates revenue or infrastructure which is or can be utilised by the Transitional Local Council of Randfontein, shall dissolve upon the Transitional Local Council of Randfontein, subject to the right of the national government to assume such liabilities, debts or obligations in terms of assurances made by the national government that no transitional council will inherit any external debts of the said black local government body up to the effective date.".

Amendment of section 10 of Enactments

6. Section 10 of the Enactments is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the expression "gemelde Plaaslike Oorgangsraad" of the expression "gemelde plaaslike owerheidsliggame".

Wysiging van artikel 2 van Maatreëls

2. Artikel 2 van die Maatreëls word hierby gewysig deur in die Engelse teks die uitdrukking "Council" deur die uitdrukking "Councils" te vervang.

Wysiging van artikel 3 van Maatreëls

3. Artikel 3 van die Maatreëls word hierby gewysig deur in subartikel (5) die uitdrukking "word alle" deur die uitdrukking "bly alle" te vervang en die uitdrukking "van krag in die gebiede in subartikel (1) vermeld en word dit" tussen die uitdrukkings "datum," en "geag" in te voeg.

Wysiging van artikel 6 van Maatreëls

4. Artikel 6 van die Maatreëls word hierby gewysig deur die uitdrukking "kragtens" te skrap en die uitdrukking "op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n Burgemeester en Onderburgemeester by" tussen die uitdrukkings "vermeld" en "artikels" in te voeg.

Vervanging van artikel 9 van Maatreëls

5. Artikel 9 van die Maatreëls word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger

9. (1) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein oorgedra.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein word vir die doeleindes van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), die regsopvolger van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld.

(3) Enige las, skuld of verpligting wat deur die ontbinde swart plaaslike owerheidsliggaam vermeld in artikel 2, naamlik die Dorpsraad van Mohlakeng, aangegaan is tot op en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgegaan, behalwe 'n las, skuld of verpligting wat aangegaan is ten opsigte van enige infrastruktuur wat inkomste genereer of infrastruktuur wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein aangewend word of kan word, gaan op die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein oor onderhewig aan die reg van die nasionale regering om diesulke laste, skulde of verpligtinge te aanvaar kragtens versekerings gemaak deur die nasionale regering dat geen oorgangsraad enige eksterne skulde van die genoemde swart plaaslike owerheidsliggaam tot op die effektiewe datum sal erf nie.".

Wysiging van artikel 10 van Maatreëls

6. Artikel 10 van die Maatreëls word hierby gewysig deur die uitdrukking "gemelde Plaaslike Oorgangsraad" deur die uitdrukking "gemelde plaaslike owerheidsliggame" te vervang.

Amendment of section 14 of Enactments

7. Section 14 of the Enactments is hereby amended by the substitution in subsections (1) and (2) for the expression "notwithstanding" of the expression "under".

Amendment of section 17 of Enactments

8. Section 17 of the Enactments is hereby amended by—

(a) the substitution for the expression "Town Clerk" of the expression "Chief Executive Officer/Town Clerk" wherever it appears;

(b) the addition is subsection (2) in the Afrikaans text of the expression "opgedra is." after the expression "artikel 2.".

Amendment of section 18 of Enactments

9. Section 18 of the Enactments is hereby amended by the insertion in subsection (1) of the expression "and those employees and officers employed by the Transitional Local Council of Randfontein prior to the constitution of such permanent organisational structures," between the expressions "mentioned in section 2," and "shall be transferred".

Commencement

10. These Enactments shall come into operation on **15 December 1994.**

Wysiging van artikel 14 van Maatreëls

7. Artikel 14 van die Maatreëls word hierby gewysig deur in subartikels (1) en (2) die uitdrukking "ondanks" deur die uitdrukking "kragtens" te vervang.

Wysiging van artikel 17 van Maatreëls

8. Artikel 17 van die Maatreëls word hierby gewysig deur—

(a) die uitdrukking "Stadsklerk" orals waar dit voorkom deur die uitdrukking "Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk" te vervang;

(b) in subartikel (2) die uitdrukking "opgedra is." na die uitdrukking "artikel 2." by te voeg.

Wysigisng van artikel 18 van Maatreëls

9. Artikel 18 van die Maatreëls word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking "en daardie werknemers en beamptes wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein in diens geneem is totdat sodanige permanente organisatoriese struktuur saamgestel is," tussen die uitdrukkings "in artikel 2 vermeld," en "na die Enkele Plaaslike Administrasie" in te voeg.

Inwerkingtreding

10. Hierdie Maatreëls tree in werking op **15 Desember 1994.**

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
43	Local Government Transition Act (209/1993): Transitional Local Council of Randfontein: Enactments	1	5070

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	PROKLAMASIE		
43	Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein: Maatreëls	1	5070

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Transvaal Provincial Administration**, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Transvaalse Provinsiale Administrasie**, Pretoria